# Geskiedenis van die Geneeskunde in Pretoria*

IZAK D. VENTER, *President van die Noord-Transvaalse Tak van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika*

Ek wil graag so 'n bietjie in die verlede delf, en ook 'n paar interessante feite oor die hede gee. Ten slotte wil ek iets kwytraak oor die toekoms.

Potchefstroom is die oudste dorp in Transvaal en is al in 1839 deur Hendrik Potgieter gestig. In die jaar 1856 het Potchefstroom 2 000, Rustenburg 800 en Lydenburg 400 inwoners gehad. Die Volksraad van daardie dae het geen vaste vergaderplek gehad nie en van plek tot plek verskuif. In Junie 1852 het die Volksraad in Potchefstroom besluit om die plaas Bronnekorsfontyn en die twee plase aangrensend hieraan vry te hou vir 'n stad. Die twee plase het egter in private besit gekom. Elandspoort het aan Andries van der Walt behoort en Daspoort aan Joggem Tweeduim Prinsloo.

Op 8 Augustus 1852 is die eerste predikant in Transvaal, ds. Dirk van der Hoff, op Rustenburg verwelkom. Hy het heelwat invloed gehad en die gedagte aan 'n sentrale vaste hoofstad en setel vir die Volksraad, sterk gepropageer. Ook kommandant-generaal M. W. Pretorius beywer hom vir 'n nuwe hoofstad en koop persoonlik die plase soos reeds genoem. Hy skryf in 'De Zuid-Afrikaan' van 15 Augustus 1852: 'Het is een der schoonste streken deser geweste, gelegen aan Derdepoort in het middelpunt der Republiek en waarheen van alle kanten de fraaiste wegen uitlopen'.

Op 7 Junie 1854 het dr. Van der Hoff 'n aparte kerklike gemeente op dié plase gestig. Dit het twee veldkornetskappe, wat min of meer die huidige distrik van Pretoria behels, ingesluit en sy naam vir die gemeente was Pretoria-Philadelphia. M. W. Pretorius was ten gunste van Pretorius-stad, ter ere van Andries Pretorius. Ds. Van der Hoff het nou kwaai te velde getrek teen die regering omdat daar nog geen hospitaal en regeringsetel bestaan het nie en uit sy pos bedank. Hy is voor die Volksraad gedaag en met 100 riksdalers beboet. 'n Paar dae hierna het die Volksraad egter besluit op die stigting van 'n nuwe dorp en dit Pretoria genoem. 'n Waterfiskaal is aangestel, bepalings is gemaak om die watervore skoon te hou en 'n verbod ingestel op die gooi van afval en uitspan van diere in die strate.

Pretorius het daarop die Kerkplein uitgewys wat die middelpunt van die nuwe dorp moes word en Louis Devereux en Jan H. Visagie het begin om die plein uit te lê en 'n kerk bou.

Lydenburg het egter nou afgestig en sy eie Republiek uitgeroep sodat Pretoria nie meer die middelpunt van die Republiek was nie, en Potchefstroom het die hoofstad geword. Vanaf 21 - 23 Februarie 1857 is die kerk in Pretoria ingewy deur dr. Van der Hoff en die Vierkleur, ook deur hom ontwerp, word vir die eerste keer gehys.

Die eerste Landdros aanvaar diens op 2 Mei 1857. Hy was mnr. A. E. du Toit—Du Toit-straat is na hom vernoem. Hy het die grond oos van Pretoria vir 'n Basoetoponie geruil en dit Arcadia genoem.

Op 2 Junie 1857 is die eerste huwelik in Pretoria voltrek deur landdros Du Toit en wel tussen Jacobus Abraham Botes en Christina Sagaria Johanna Catharina Beatrix du Preez.

Die eerste dorpsregulasies oor beheer van water en skoonhou van strate word in 29 Julie 1857 aangekondig.

Landdros Du Toit moes ook die dorp uitlê en strate opmeet met net 'n ketting van 50 voet, en 'n verkyker tot sy beskikking. Al die strate was 80 voet breed behalwe Prinsloo-straat wat net 70 voet breed was. Die dorpsgrense was van Visagiestraat, Potgieterstraat, Boomstraat en Prinsloostraat.

So onlangs as 5 April 1865 het landdros Moll 'n sekere Alexander Anderson tot 12 maande tronkstraf en harde arbeid gevonnis. Daar was egter nie 'n tronk nie en die veroordeelde moes sy eie tronk bou!

*Afskeidsrede gehou op 11 Februarie 1971.

So rustig en landelik was dan die vroeë dae van Pretoria waar ook die vroegste medisyne-praktyk in hierdie gebied tot stand gekom het.

Die mense van daardie dae kon nie die dokter se hulp so geredelik soos vandag bekom nie. In die boere-gemeenskap noord van die Vaalrivier was daar ook haas geen opgeleide geneeshere nie. Hulle plek is deur die 'Bossie-dokters' ingeneem. Dit was persone wat bekend was met die werkinge van sekere geneeskundige kruie en bossies al het hulle ook vir die mees uiteenlopende siektes dieselfde medisynes voorgeskrywe!

Pretoria se eerste 'Bossie-dokter' was dieselfde J. H. Visagie wat by die Sandrivier byeenkoms in 1852 die sekretaris van generaal Andries Pretorius was. Hy het daarna gehelp om die Kerkplein in Pretoria uit te meet en word nou nog in herinnering gehou deur die naam van een van die bekendste strate van Pretoria. Naas die hulp van die bossie-dokters is siekte ook behandel deur 'bloed-' of 'aderlating' toe te pas. Wat die vroue betref, was daar baie wat nooit die hulp van 'n dokter by bevallings gehad het nie. Hulle het steeds gesteun op die dienste van die 'tant Sarie' van die buurt. Verder was daar altyd die blik trommeltjie met die beproefde 'Hollandsche Medisyne' byderhand.

In 1831 het die Volksraad uit Lydenburg geantwoord op navrae van sekere Hollandse geneeshere wat hulle graag onder die trekkers 'over de Vaal' wou vestig. Die antwoord lui: 'Ons het geen geneesheer onder ons nie. Ons mediese voorrade kom van die buiteland deur onderhandelinge deur J. A. Swellenkamp. Die landstreek is bedek deur veelvuldige soorte bossies en grassoorte, maar aangesien ons geen plantkundige hier het nie, weet ons nie wat hulle waarde is nie. Net 'n paar het waardevolle eienskappe soos ons uitgevind het deur die gebrek aan ordentlike medisynes. Ons verneem nou en dan van dokters maar hulle is meestal Duitsers van Natal aan wie mens helaas nie die behandeling van siek mense kan toevertrou nie. Daar sal vir ons baie voordeel uit kom as 'n geneesheer, snydokter of verloskundige hom hier wil vestig. Veral as hy ook 'n kennis van kruie en bossie medisynes het'.

Die Volksraad het ook in 1851 'n sekere dr. A. Voormolen wat naby Alkmaar in Holland praktiseer het, aangemoedig om na Transvaal te kom. Hulle brief aan hom lui: 'Dit is seker dat u of enige iemand anders wat hom onder ons vestig en medisyne praktiseer, 'n goeie lewe sal verdien aangesien u sal besef hoe moelik dit moet wees om jou eie geneesheer te wees in tye van siekte. Die belangrikste siekte hier is aambeie wat voorkom saam met 'n kroniese diaree. Hier bestaan ook 'n erge koors wat ons dink van die gal af sy oorsprong het—dit gaan gepaard met erge hoofpyn en rugpyn. Die gewone een, twee en drie-daagse koorse van Holland, kom nie hier by ons voor nie. Wanneer díe siektes volop is, is die "Vuurziekte" (peritonitis) ook baie algemeen.'

Dit dan was die posisie teen die einde van 1851. In 1859 vestig die eerste dokter hom in Pretoria. Hy was dr. G. B. A. D. Arnoldi en was afkomstig uit Holland. Hy is ook in 1864 aangestel as Posmeester en in 1866 as Heemraad. In 1865 het hy Distriks-geneesheer van Waterberg geword.

Effens later het ook 'n dokter Herman Jeppe op die toneel in Pretoria verskyn. Hy het ook 'n nuwe verdienste gekry uit sy funksies as Posmeester, Heemraad en was selfs 'n rukkie Staatsprokureur. Van Jeppe word verhaal dat hy weens swak oë nie sy opleiding in Duitsland kon voltooi nie en toe in Kaapstad as 'n assistent in 'n apteek gewerk het. Blykbaar het sy oë toe al beter geword want hy het weggeloop met 'n ryk nooi met wie hy dan ook getroud is!

Voor die koms van president Burgers het ook die volgende name van dokters in die 'Staats Courant' verskyn, nl. A. R. Kock, W. G. Taylor, W. Kockendorfer, K. B. Munnich, F. A. Grünberger, Alexander Merensky en dr. Frans Lion-Cachet, wat nooit enige mediese opleiding gehad het nie. In 1875 het dr. G. H. Rissik hom in Pretoria gevestig en was lank een van die vooraanstaande geneeshere van die dorp.

In Januarie 1861 kom die eerste vaste predikant na Pretoria nl. ds. A. I. Begeman. Dit het heelwat verhoogde status aan die nuwe dorp gegee.

Gedurende 1858 het Lydenburg weer toenadering tot die Republiek gesoek en weer aangesluit. Pretoria was nou weer die middelpunt van die Republiek en op 1 Mei 1860 word Pretoria die hoofstad en permanente regeringsetel van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Gedurende 1863 kom die Staatsdrukkery na Pretoria en die eerste Staatskoerant in Pretoria gedruk, verskyn op 18 Augustus 1863. Dieselfde jaar kom die Hoofposkantoor ook na Pretoria en in 1873 verskyn *'Die Volkstem'* vir die eerste keer.

Die anneksasie-periode van 1877 - 1881 het 'n groot aantal Engelse families na Pretoria gebring asook 'n sterk troepemag. Vanaf 19 September 1879 is telegrafiese verbinding met die buitewêreld ingestel.

Die slag van Bronkhorstspruit op 20 Desember 1880 word op 21 Desember gevolg deur die afkondiging van Krygswet en die hele bevolking van Pretoria nl. 3 700 siele word gelas om die dorp te ontruim. Hulle is in die militêre kamp gehuisves in grashutte, tente en ossewatente.

Pretoria was nou heeltemal deur Boerekommando's omring en geen mens kon in of uit gaan nie. Eers op 15 Maart 1881 kom die nuus van die slag van Majuba en die val van Sir George Colley en met groot vreugde kon die mense die kamp verlaat en terugkeer na hulle huise. Dit is interessant dat die Bantoes van Pretoria deur middel van hulle eie bostelegraaf reeds 'n paar dae vroeër van die neerlaag van generaal Colley geweet het.

1886—goud word op die Witwatersrand ontdek en 'n golf van voorspoed rol deur die hele Transvaal. 'n Nuwe kerk word op Kerkplein in gebruik geneem in Januarie 1885 en ook 'n Gereformeerde kerk kom tot stand in Kerkstraat-Wes sowel as 'n Weslevaanse kerk in Andriesstraat. Gedurende Mei 1889 lê president Paul Kruger die hoeksteen van die Nuwe Goewermentsgebou by Kerkplein. In 1892 word Pretoria die eerste stad met elektriese krag in Transvaal.

Daar was nog steeds 'n gebrek aan enige hospitaal-geriewe totdat die eerste Volkshospitaal van Pretoria in Potgieterstraat oopgerig is. Die hoeksteen is op 21 Januarie 1892 deur president Kruger gelê. Vir daardie dae was dit 'n baie moderne inrigting en dit is selfs beskou as die modernste hospitaal in Suid-Afrika. In hierdie hospitaal is deur dr. H. P. Veale in die negentiger-jare vir die eerste keer in Suid-Afrika van X-strale as ondersoek-metode gebruik gemaak. Hierdie hospitaal was wel voorafgegaan (1888) deur 'n klein hospitaal van nege beddens. Die gebou van die ou Volkshospitaal word vandag nog gebruik as die Malan-Tehuis van die Spoorweë in Potgieterstraat. Die ou Volkshospitaal in Potgieterstraat het Pretoria gedien tot in 1932 toe die huidige H. F. Verwoerd-hospitaal tot stand gekom het.

In 1886 het die Transvaalse Volksraad 'n 'Geneeskundige Kommissie voor de Zuid-Afrikaansche Republiek' tot stand gebring. Die kommissie is aangestel deur die Staatspresident en belas met die opstel van regulasies vir opleiding van aptekers en hulle moes 'n register hou van persone wat toegelaat was om medisyne in Transvaal te praktiseer.

In 1890 het 'n dr. Messum en vyf ander medici in Pretoria die 'Pretoria Medical Society' gestig. Hulle het 'n dissiplinêre kode vir hulleself opgestel en sekere ander regulasies aanvaar.

In 1892 kom daar 'n Gestig vir Sielsiekes in Pretoria—hoofsaaklik deur die ywer van dr. Messum en in 1897 volg die Leprose-inrigting.

Ná die Vrede van Vereniging het Pretoria stadig gegroei totdat dit in 1910 administratiewe hoofstad van die nuwe Unie van Suid-Afrika geword het. Sy geneeskundige dienste verbeter geleidelik deur die jare. Gedurende 1932 word 'n nuwe Volkshospitaal in gebruik geneem en die volgende groot stoot kom in die vorm van 'n eie mediese skool vir Pretoria.

Die geboorte van die fakulteit geneeskunde in 1943 was sekerlik 'n moeilike bevalling. Dit het deur 'n bewuste strewe en 'n mate van stryd in die wêreld gekom. Die eerste Afrikaanse Mediese Fakulteit het sy ontstaan gekry te midde van buitengewone landsomstandighede in die Tweede Wêreldoorlog, toe daar op haas elke gebied van die volkslewe 'n mate van ontwrigting ondervind was, wat ook dikwels tot die universiteits-werf deurgedring het.

Reeds so vroeg as 19 November 1902 bepleit die professor in Ginekologie, aan die Universiteit van Manchester (Professor W. J. Sinclair) die oprigting van 'n mediese skool in Transvaal by mnr. Josef Chamberlain, en hy benadruk dat dit belangrik is om die jong boere weg te hou van die kontinentale mediese skole omdat daar so 'n sterk anti-Britse gevoel was. Hy het toe al besef dat die dokter dikwels 'n man is wat aansienlike invloed in sy gemeenskap uitoefen, veral op die platteland, en dat dit beter sou wees om 'n lojale geneesheer te hê wat deur 'n mediese skool in sy eie land opgelei is.

Reeds in September 1932 het die destydse rektor van die Universiteit (professor A. E. du Toit) 'n sekere dokter (C. R. Henning, 'n tandarts) aangewys om inligting in te win oor die instelling van 'n kursus in medisyne by die Universiteit van Pretoria. Die opdrag het gekom in die dae toe dié universiteit se geldbronne werklik 'n uiterste laagtepunt bereik het, en boonop nog het die Stadsraad van Pretoria in daardie dae 'n krisis veroorsaak deur toegesegde toekennings aan die Universiteit te weerhou.

In April 1933 word daar aan die Universiteits-raad gerapporteer dat aangesien die koste van so 'n kursus baie hoog is, die komitee aanbeveel dat die saak 'n onbeperkte tyd oorstaan. In die jaar 1933 is daar toe, om die gebrek aan fondse vir die Universiteit aan te vul, die Puniv-fonds gestig om geld vir die Universiteit in te samel. Hierdie fonds was onder leiding van dr. Theo Wassenaar en mev. E. G. Jansen, asook mnr. F. K. Jacobs. Altesame £1 377 is ingesamel. Kort daarna is die goeie verhoudings weer tussen die Universiteit en die Pretoria se Stadsraad herstel en die komitee van die Puniv-fonds het op voorstel van dr. Wessenaar in 1935 besluit om hierdie geld as die eerste bousteen van 'n Mediese Fakulteit in Pretoria aan te wend.

Aan die einde van 1936 stel die Universiteit se Propaganda-komitee voor dat 'n Senaatskomitee so spoedig moontlik aangestel word om in te gaan op die moontlikhede van 'n Mediese Fakulteit, en op 17 Februarie 1937 vind 'n informele samespreking van geneeshere plaas, en professor D. F. du Toit Malherbe tree op die toneel met artikels in die Engelstalige pers om 'n mediese fakulteit vir Pretoria te bepleit.

Die gedagte aan 'n mediese skool in Pretoria kry toe onverwagte steun op 18 April 1937 deur 'n pers-verklaring uit die mond van professor Raymond A. Dart (dekaan van Johannesburg se Mediese Skool). Hy het onder meer, met nadruk verklaar dat die bestaande twee mediese skole oorvol is, en nie met die landsbehoeftes aan opgeleide geneeshere tred kon hou nie.

Op 27 April 1937 is 'n vergadering by die huis van dr. J. A. Kieser in Pretoria belê, waar die eerste keer aandag werklik gegee is aan die stigting van 'n mediese skool in Pretoria. Die aanwesiges by daardie vergadering het hulle gekonstitueer as die Propaganda-komitee van Geneeshere vir die stigting van 'n Geneeskundige Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria. As voorsitter is dr. Theo Wassenaar gekies en as sekretaris, dr. J. A. Kieser. Die vier ander lede van die komitee was dr. L. J. Te Groen, L. A. Wagener, C. F. v.d. Merwe en G. S. v.d. Merwe van Johannesburg. Hierdie komitee se eerste taak was om 'n groot aantal openbare liggame te nader om morele steun, en om 'n afvaardiging saam te stel wat die Minister van Onderwys sou spreek.

Op 17 Mei 1937 het 'n afvaardiging van hierdie komitee 'n spesiale Senaatsvergadering van die Universiteit bygewoon en toegespreek. Dr. Wassenaar was die man wat die woord moes voer en ná die betoog het die Senaat besluit om in beginsel die wenslikheid van die stigting van 'n mediese skool aan die Pretoria-universiteit goed te keur, en om ook dadelik 'n afvaardiging na die Minister te stuur.

Op 14 Junie 1937 is 'n afvaardiging van die Universiteits-senaat en van die Komitee van Geneeshere deur minister J. H. Hofmeyr te woord gestaan. As woordvoerder van hierdie afvaardiging het dr. W. Nicol opgetree; onder andere was ook teenwoordig mev. Sannie Broers (namens die S.A. Vroue Federasie) en advokaat E. G. Jansen as voorsitter van die S.A. Akademie. Dr. Theo Wassenaar het weer die hoof-betoog gevoer. Die Minister het geredelik die kulturele aspek van die versoek toegegee, naamlik, die reg van die Pretoria se Universiteit om 'n mediese skool in te stel, maar oor die geneeskundige tegniese implikasies van die deputasie se versoek, wou die Minister eers die Geneeskundige Raad raadpleeg. Die Minister het dus uitspraak voorbehou, en die Propaganda-

komitee kon nie met gerustheid die beslissing afwag nie. Daar is dus met 'n tweede propagandaveldtog begin om te verseker dat die Geneeskundige Raad nie die voorstelle wat aan die Minister gedoen is, sou afkeur nie. Deel van die nuwe betoog was die publikasie van 'n brosjure waarvan 'n oplaag van 10 000 dwarsdeur die land versprei is. Die samestelling en verspreiding van hierdie brosjure is opgedra aan adv. F. S. Steyn (propaganda-sekretaris van die Universiteit) wat uit die Punivfonds 'n toelaag toegesê is.

In Julie 1937 het hierdie brosjure vorm aangeneem onder die titel: 'Ons Vra 'n Afrikaanse Geneeskundige Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria'. Sonder twyfel het hierdie vlugskrif en die skriftelike vertoë deur openbare liggame vrugte afgewerp. Die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad het die oprigting van so 'n fakulteit goedgekeur.

In Desember 1937 is daar 'n Komitee van Ondersoek aangestel onder voorsitterskap van professor M. C. Botha (destyds Sekretaris van Onderwys). Hierdie Komitee het in Mei 1938 in Pretoria getuienis aangehoor. Die verslag van die Botha-komitee is op 9 Mei 1939 in die Volksraad ter tafel gelê—dit het vir die Universiteit goeie nuus bevat. Een van die aanbevelings was dat 'n mediese skool in verband met die Universiteit van Pretoria ingestel word.

Die oprigting van 'n Mediese Skool is kort daarna in die Parlement goedgekeur maar die Regering wou nie die volledige oprigtingskoste vir die Mediese Skool dra nie, hulle wou ook nie 75% daarvan dra nie, en dit was duidelik dat 'n groot insamelingsaksie aan die kant van die Universiteit nou van stapel gestuur moes word om die mediese skool te verwesenlik. Die oorspronklike Propaganda-komitee van Geneeshere het nou die Afrikaanse Mediese Genootskap geword en begin om geld in te samel.

Só het dit toe met die saak van die toekomstige Mediese Fakulteit gestaan toe die Unie op 4 September 1939 in die Tweede Wêreldoorlog betrokke geraak het. Die regeringsverandering en die daaropvolgende politieke hergroepering het meegebring dat die Universiteit van Pretoria meer as ooit vantevore geassossieer was met denkrigtings wat lynreg teenoor dié van die destydse regering en sy oorlogsbeleid gestaan het, en dit was vir fondsinsameling in oorlogstyd glad nie bevorderlik nie.

Tot die einde van 1940 het die Mediese Fakulteitsfonds maar swakkerig gegroei—daar was toe £5 748 in die fonds waarvan £4 000 van die Helpmekaar-Vereniging gekom het. Wat ingesamel was totdat professor M. C. Botha aan die begin van 1941 die rektorskap aanvaar het, was 'n druppel in die emmer. Met sy intree-rede het professor Botha op 11 Maart 1941, sowel die Regering as die publiek, om ruimer steun gevra. Die konsep vir insameling is deur die rektor self opgestel en aan sy persoonlike dryfkrag moet die groot mate van die sukses toegeskrywe word, wat gevolg het.

In die begin van 1942 was daar reeds £15 000 waarvan £10 000 soos veel later geblyk het, van die stille gewer dr. J. Posthmus (Raadslid en President van die S.A. Reserwebank) en ook troue raadgewer van die Universiteit, gekom het. In 1942 het die Fonds, ten spyte van 'n kampanje teen die Universiteit, opsienbarend gestyg. Dit was hoofsaaklik te danke aan die welkome toesegging van £50 000 deur die Stadsraad van Pretoria, op 30 Julie 1942. Die Fonds het 'n verdere groot stoot gekry deur 'n skenking van £15 000 deur die S.A. Ysteren Staalkorporasie. Hierdie skenking van £15 000 was bedoel vir die oprigting van die nuwe Chemie-gebou waar die eerstejaar-opleiding van mediese studente veral sou moes plaasvind.

Hierna het geld redelik vinnig begin invloei, en in Desember 1943 was dit al moontlik om die opleiding van die eerste drie studie-jare van die mediese kursus te finansieer. Vir die kliniese jare moes daarna nog voorsiening gemaak word. Daar moes 'n kliniese gebou kom en fasiliteite om tot 75 geneeshere per jaar te kon oplei vanaf die einde van 1947.

Die Instituut vir Patologie is in die begin van 1945 voltooi en in gebruik geneem. Die totale inskrywing vir die jaar 1943 was 294—daarna het dit skerp gestyg tot 410 in 1944, 724 in 1947. Die eerste 44 M.B., CH.B.-grade is op 27 November 1947 toegeken. Die afname in getalle wat daarna tot 1955 voortgeduur het, is aanvaar as 'n normale konsolideringsfase. In 1955 het geweldige uitbreiding begin en in 1958 is die hoogtepunt van 1947 vir die eerste keer met 'n studente-totaal van 744 verbygesteek. Intussen is die mediese biblioteek in 1956 by die Kliniese gebou voltooi.

Die mediese skool kan met trots terugkyk op die werk wat hulle reeds verrig het.

In die bestaan van die mediese skool is daar tot in die middel van 1970 reeds 2 837 grade en mediese diplomas aan studente toegeken.

Die aantal studente in 1970 was: eerstejaars—421; tweedetot en met sesdejaar-studente—908; nagraadse studente—211; diploma- en spesiale studente, radiografie en Fisioterapie—93; verpleegkunde—117, plus 9 nagraadse studente vir die S.A. Verpleegkunde Graad.

Mediese bediening in Noord-Transvaal staan vandag ver verwyder van die dienste wat dr. Arnoldi as eerste dokter in Pretoria kon aanbied.

Wat getalle alleen betref, is daar vandag om en by 10 000 geneeshere in die Republiek waarvan sowat 7 150 lede is van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika. Die ledetal van die Noord Transvaalse tak beloop in die omgewing van 800 waarvan 650 in Pretoria is. Van die in Pretoria is 404 algemene praktisyns en 246 spesialiste.

Dit was gelukkig nie alleenlik die betalle van beskikbare geneeshere wat toegeneem het nie, maar ook die gehalte van mediese versorging op alle vlakke.

Wat die toekoms van die mediese professie in die Republiek betref, lyk alle baie goed hoewel daar 'n paar aspekte is wat mens hinder soos bv. die huidige tekort aan dokters met gevolglike sware werkbelading op die bestaande lede van die professie en veral die algemene praktisyns-groep staan onder geweldige druk en baie groot eise word aan hulle gestel. Daar is egter pogings aan die gang om die posisie te verbeter deur oprigting van nuwe mediese skole in Bloemfontein en Johannesburg en uitbreidings by bestaande skole.

Terwyl dokters onder druk werk, is dit meer as ooit nodig om te let op die gehalte van die dienste wat gelewer word. Enige aanduiding van swak, onvoldoende, of nalatige diens moet vermy word, anders kan ons onsself baie gou in die posisie van die huidige Amerikaanse medici bevind waar eise vir nalatigheid aan die orde van die dag is. Volgens TIME van 2 November 1970 verklaar die Amerikaanse Mediese Vereniging dat een kwart van alle Amerikaanse praktisyns een of ander tyd in hulle loopbaan 'n malpraxis eis teen hulle sal kry. Nie een Amerikaanse versekerings-maatskappy het van 1958 'n wins op malpraxis-versekering gemaak nie en premies skiet die hoogte in. In Utah en in die suide van Kalifornië betaal 'n chirurg in die omgewing van 3 900 dollars per jaar vir sulke versekering terwyl by ons dit nog minder as R20 per jaar kos. Laat ons almal poog om deur eerlike toegewyde werk en selfbeheersing hierdie sake by ons te hou soos dit nou is.

'n Ander aspek van die toekoms wat kommer wek, is die toenemende beheer oor dokters met vermindering van die mediese professie se outonomie. Ons kan nie eers meer self besluit oor die gelde vir sowat 70 - 80% van ons pasiënte nie, tensy die dokter verkies om buite die werkinge van die wet op Mediese Skemas te praktiseer. Die professie as geheel aanvaar dat 'n toegewyde verantwoordelike mediese professie sover moontlik oor sy eie sake moet kan besluit en dat ons outonomie sover moontlik beskerm moet word. Vir hierdie ideaal moet ons almal werk deur eerstens soveel moontlik lede vir die Mediese Vereniging te werf en tweedens deur verantwoordelik en selfbeheersde optrede deur alle lede van die professie.

Met hierdie paar gedagtes wil ek dan nou afsluit met dieselfde raad aan ons professie as wat Paulus aan sy gemeente in Orinthië gegee het in 1 Korinthiërs II vers 31, nl.: 'Want as ons onsself be-oordeel het sou ons nie geoordeel word nie'.

Laat elkeen van ons voortdurende sy eie werk en diens en optrede beoordeel en vir homself besluit of dit goed en eerlik is of nie. Dan sal daar sekerlik niks groots met ons professie verkeerd kan loop nie.